

Mieliesaad

ons saad
jou voorsprong

- Saad en saadbehandelingskundigheid
- Nuutste genetiese materiaal
- Keuring, toetsing en evaluasie van potensieële variëteite
- Proefpersele in verskillende geografiese streke van Suid-Afrika
- Spesialiseer in beproefde variëteite van:
Groente, mielies, olie- (sonneblom & sojabone) en weidingsade
- Gespesialiseerde tegniese advies
en ondersteuning
- Professionele saadspesialiste

trotse verspreider van



**hoë-kwaliteit saad
en saadbehandelingsoplossings**



InteliSeed
intelligent crop solutions



Mielies is 'n eenjarige somergewas met 'n kort lewensduur.

Wêreldwyd is mielies een van die mees-geproduseerde grane vir beide menslike- en dierlike gebruik. Die gewas groei optimaal waar daar jaarlikse reënval tussen 600 en 1,500 mm voorkom.



Geelbasterpakket

Ultra – Vroeg



IMP 50-10B

IMP 50-10R

IMP 50-10BR

Hierdie basterreeks bied hoë-opbrengs potensiaal. Die plante het 'n enkelstam en is hoofsaaklik eenkoppig met uitsonderlike standvermoë.

Die IMP 50-10 reeks moet slegs teen hoë plantpopulasie hoeveelhede (80 000) onder totale besproeiingsisteme geplant word. LNR-proewe oor die afgelope paar jaar dui daarop dat hierdie reeks hoogs stabiel en aanpasbaar vir alle produksieareas is. Hierdie basterreeks bied ook die tegniese voordeel dat dit teen stamboorder beskerm en verdraagsaam teenoor glifosaat-onkruidodders is.

Medium-Vroeg



IMP 52-12

IMP 52-12R

IMP 52-12BR

Hierdie basterreeks is goed aangepas in die Oostelike-Hoëveld en KwaZulu-Natal. Hulle neig om baie min af te spruit (to tiller) en besit uitstekende graankwaliteite, deurdat goeie weerstand teen kop- en blaarsiektes getoon word. Agricol beveel hierdie reeks as deel van die hoofaanplantings van produsente in die Oostelike produksieareas aan. IMP 52-12 het baie goed in die LNR-proewe oor die afgelope twee jaar gevaar.

Die reeks bied aan produsente die keuse van konvensionalisme, verdraagsaamheid teenoor glifosaat-onkruidodders en beskerming teen stamboorder.

IMP 52-22BR

Hierdie basterreeks doen goed in die Westelike produksieareas.

Laer plantpopulasies word aanbeveel omdat die plante goeie multi-kop en produktiewe spruitvorming-eienskappe besit.

Die reeks bied voordele wat vinnige graan-uitdroging en goeie standvermoë insluit, asook die vermoë om droogtes en hitte te weerstaan.

Geelbasterpakket

Medium

Sc 608

Hierdie baster is goed aangepas in die Westelike- en Oostelike produksieareas.

Dit lewer bogemiddelde graanopbrengste en bied goeie weerstand teen noordelike blaarskroei en grysblaarvlek.

Die baster beskik oor uitstekende karaktertrekke weens die stadige graandroging-eienskappe, welige groei en hoë graankomponent.

Sc 608 besit multi-koppe en produseer normaalweg baie min spruite. In die Westelike dele kan kuilvoer na ongeveer 110 tot 115 dae gesny word en in die Oostelike dele na 125 tot 135 dae.



Mielies benodig 450 tot 600 mm water per seisoen, wat hoofsaaklik vanuit die grondvogreserwes verkry word.

Nagenoeg 15 kg graan word per millimeter waterverbruik geproduseer. By volwassenheid sal elke plant 250 l water verbruik het.

Waarvoor word dit gebruik?

Witmielies

Vir menslike gebruik.

Geelmielies

Vir menslike gebruik.

Kuilvoer

Dit maak uitstekende kuilvoer en byvoegmiddels om met die inkuilingsproses te help is onnodig.

Dekgewasse

Mielies kan as 'n dekgewas gebruik word om organiese materiaal in die grond op te bou en die Sesium en Uraan in die grond deur hiper-akkumulasie in die plant te herstel.



Witbasterpakket

Ultra - Vroeg



IMP 53-49B

IMP 53-49R

IMP 53-49BR

Dit is 'n kragtige multi-kop baster wat goed aangepas is vir laer plantpopulasies in die Westelike produksieareas.

IMP 53-49B lewer top opbrengste in die LNR-proewe.

Die reeks bied aan die produsente die tegnologiese voordeel van beskerming teen stamboorder en verdraagsaamheid teen glifosaat-onkruidodders.

Dit word aanbeveel vir die hoofaanplantings in Noordwes en die Westelike dele van die Vrystaat.



Nagenoeg 8 miljoen ton mielies word jaarliks op ongeveer 3,1 miljoen hektaar in Suid-Afrika geproduseer.

Suksesvolle mielieproduksie hang van die korrekte produksiemetodes af, wat volhoubaar vir die omgewing en landbouproduksie is.

Geen ander gewas benut sonlig beter as mielies nie en lewer die hoogste opbrengs per hektaar van alle graangewasse.

Mielies word direk verbruik en dien as stapelvoedsel vir ongeveer 200 miljoen mense in ontwikkelende lande.

PLANTPOPULASIE PER HEKTAAR (000'E)

VOLWASSEN- HEID	BASTER	WES- VRYSTAAT	OOS- VRYSTAAT	NOORD-WES	GEMIDDELDE OOSTELIKE DELE	KOUE OOSTELIKE DELE	KZN	NOORD-KAAP
MEDIUM- VROEG	IMP 50-10B	80-100	80-100	80-100	80-100	80-100	80-100	80-100
	IMP 50-10B	80-100	80-100	80-100	80-100	80-100	80-100	80-100
	IMP 50-10BR	80-100	80-100	80-100	80-100	80-100	80-100	80-100
MEDIUM- VROEG	IMP 52-12 reeks		30-40		40-55	45-60	45-60	65-80
	IMP 51-22B	18-28	25-35	16-26	40-55	45-60	45-60	65-80
	IMP 52-11B	18-28	25-40	16-26	35-45	40-50	40-50	
	IMP 52-11R	18-28	25-40	16-26	35-45	40-50	40-50	
MEDIUM	IMP 53-49 reeks	18-28	25-35	16-26	30-40	40-45	40-45	
	Sc 608	18-28	25-35	16-26	35-45	40-50	40-50	50-60

AGRONOMIESE EIENSKAPPE:

		IMP 50-10 reeks	IMP 52-12 reeks	IMP 51-22 reeks	IMP 52-11 reeks	IMP 53-49 reeks	Sc 608
Relatiewe aantal dae tot 50% blom	Warmer areas	57	61	61	62	65	65
	Koeler areas	70	73	73	74	78	78
Relatiewe aantal hitte-eenhede nodig vir 50% blom		690	710	715	720	735	735
Relatiewe aantal dae tot volwassenheid	Warmer areas	112	119	119	124	127	127
	Koeler areas	130	135	135	143	150	150
Eienskap-gradering:							
Vrugbaarheid		7	6	3	4	2	2
Afdroogtempo		2	3	2	3	4	7
Standvermoë		2	2	3	2	2	2
Produktiewe spruite		8	4	2	3	3	8
Siekteweerstand:							
Noordelike blaarskroei		5	4	5	4	2	1
Grysblaarvlek		5	4	5	4	3	1
Roes		3	3	4	3	3	1
Mieliestreepvirus		3	3	4	3	3	2
Diplodia kopvrot		2	2	3	3	3	2

BESKOU 1 AS UITSTEKEND EN 9 AS SWAK

hoë-kwaliteit saad en saadbehandelingsoplossings



- Saad en saadbehandelingskundigheid
- Nuutste genetiese materiaal
- Keuring, toetsing en evaluasie van potensiele variëteite
- Proefpersele in verskillende geografiese streke van Suid-Afrika
- Spesialiseer in beproefde variëteite van:
 - Groente-, olie- (sonneblom & sojabone) en weidingsade
- Gespesialiseerde tegniese advies en ondersteuning
- Professionele saadspesialiste

 **Inteliseed**
intelligent crop solutions

info@inteliseed.co.za
www.inteliseed.co.za

